SAARP

SAVA
NUUSBRIEF
Nommer 132
Oktober 2017

voeg lewe tot jou jare by

Elke oplossing is 'n broeiterrein vir nuwe probleme.
Ray Hattingh

HERINNERING – VOORKOM REKENAARBEDROG

Erkende rekenaarmaatskappye sal nooit rekenaargebruikers deur middel van opwipskerms of telefoonoproepe kontak nie. *"Enige kommunikasie wat ons met u het moet deur u geïnisieer wees,"* sê Courtney Gregoire, algemene hulpraadgewer in Microsoft se Digitale Misdade-eenheid. Wanneer jy 'n opwipwaarskuwing kry:

1. MOET NOOIT die tolvrye nommer wat verskaf word, Skakel Nie.
2. MOENIE op enige plek in die opwipvenster Klik Nie.
3. MAAK DIE BLAAIER op die taakbalkie ("task bar") of die taakkontroleerder ("task manager") TOE.
4. HERLAAI ("reboot") JOU REKENAAR deur dit eers af- en dan aan te skakel
5. AS NIKS WERK NIE, neem die rekenaar na 'n gemagtigde rekenaarwinkel.

WATER IS LEWE – SPAAR DIT

Ons moet herbesin oor die meeste van ons vorige ontwerpe. Deur bloot die stort se water te laat loop totdat die warm water kom, gebruik meer water as die stort-aksie. Tenklose gas-waterverwarmers wat in badkamers en kombuise geïnstalleer word, in plaas van sentraal geplaasde warmwatertoestelle, sal hierdie probleem oorkom. Dit mag natuurlik my beginaanhaling hierbo herroep.

GRASPERKE

'n Eienaardige en heeltemal onnatuurlike instelling; waarom is die voorste grasperk so geliefd deur die Amerikaners? Dit is 'n baie onnatuurlike landskap; ja, dit is miskien meer natuurlik as asfalt, maar dit is omtrent dit. Voorste grasperke is die grootste besproeide gewas in Amerika – die oppervlakte van grasperke is drie keer groter as dié van die graangewasse. Dit is baie blootgestel, niemand gebruik dit nie, dus is dit bloot 'n simbool.

SAVA-NUUS

TESTAMENTE – Terugvoer van lede

'n Paar weke gelede het ek geskryf om navraag te doen oor hoe ons te werk moet gaan om 'n nuwe testament op te stel, en u het ons vriendelik met Matthee Prokureurs in Loevenstein in kontak gebring.

Hulle het ons dadelik geskakel en 'n ontmoeting gereël om die testament te bespreek, en mnr. Matthee het baie geduldig vir ons dinge waaraan ons nooit voorheen sou dink nie, verduidelik. Daar is baie meer hieraan as wat ons gedink het. Die ontmoeting was baie produktief, en ons sal die firma vir al ons vriende aanbeveel.

Dankie vir u hulp in hierdie saak.

Vriendelike groete, John en Mel Cross.

NS SAVA bied 'n gratis testament-diens en bied van 10% tot 50% korting op eksekuteursfooie, volgens die grootte van die boedel.

VAKANSIEKLUB – Terugvoer van lede

Goeiedag, Renske

Ons was by Cayley Lodge vanaf Maandag tot Vrydag en was baie beïndruk met hierdie Lodge. Die uitsigte was pragtig, en daar was so baie in die omgewing om te sien en doen.

Ons was ook in staat om die Drakensberg Seunskoor te sien. Hierdie seuns is wonderlik, ons het regtig die optrede geniet. Die skool is ook baie naby aan Cayley Lodge.

Baie dankie vir die moeite wat jy gedoen het om hierdie Lodge te kies, dit was regtig die moeite werd.

Aan jou en jou kollegas, gaan voort met die goeie werk, dit word baie waardeer.

Vriendelike groete, Volker & Carlene Baume

SAVA SOSIALE KLUBS

PINELANDS SOSIALE KLUB

Pinelands het die volgende in hulle Oktober-nuusbrief ingesluit:

Voeg Lewe tot jou Jare by

SAVA is in 1982 begin met die doel om die belange van senior burgers in Suid-Afrika te bevorder. Terwyl die organisasie oor die jare ontwikkel het, het sy doelstellings hoofsaaklik dieselfde gebly. *SAVA glo dat senior burgers geregtig is op 'n veilige en lonende bestaan in ooreenstemming met die hoogste morele beginsels van die mens, en werk kragdadig om lewens te verryk, selfagting te verhoog en die gemeenskap te beïnvloed om hierdie ideale te ondersteun.* SAVA onderhandel met geskikte maatskappye om baie kompeterende pryse, uitstekende diens en waarde vir geld teen grootliks verlaagde kostes aan lede te voorsien. *Hulle hoofbron van inkomste*

(uitsluitende skenkings) is die kommissie wat hulle ontvang wanneer lede hulle produkte gebruik. Dit is deurslaggewend vir SAVA se oorlewing en is inderwaarheid ’n simbiotiese een: *hulle het lede nodig om hulle te ondersteun om te oorleef, en in ruil bied hulle aan lede uitstekende dienste teen verlaagde koste.*

Ek vra of ons as ’n sosiale dienste-klub ons deel doen om ons moederliggaam te ondersteun deur beter gebruik te maak van die produkte wat hulle bied – korttermyn- en begrafnisversekering, vakansies, testamente, gehoortoestelle ens. Het jy hulle nuwe webwerf by www.saarp.net gesien? **Ek het allerhande interessante stukkies daar gevind en wil julle aanmoedig om ook te gaan kyk.**

KOMPETISIE

NUUSBERIG – Watter sleutelbordopdrag het Bill Gates bekendgestel waaroor hy spyt is?

Dit is Ctrl+Alt+Delete. In New York het Bill Gates gesê: “*Ek is nie seker dat jy kan teruggaan en klein dingetjies in jou lewe verander sonder om die ander dinge in gevaar te stel nie. Sekerlik, as ek een klein regstelling kan maak, sal ek dit ’n enkelsleutel-bediening maak.”*

Sit julle skeppende hoede op. As jy een sleutel in plaas van Ctrl+Alt+Delete moes ontwerp, watter woord/letter/simbool/prent sou jy vir jou plaasvervangende sleutel kies?

Stuur antwoorde na ray@saarp.net met ’n verduideliking waarom jy jou oplossing gekies het.

Daar is ’n klein prys vir die wenner – ek sal die enigste beoordelaar wees. Ray

SAVA-DIENSTE

ADMED-OORBRUGGINGSDEKKING - Guardrisk

Ons is deur Guardrisk, die onderskrywers, geadviseer dat, as gevolg van die hoë eise-koers van 192%, die SAVA-oorbruggingsdekking vir 2018 verminderde voordele en hoë tariefverhogings sal hê. Gebaseer hierop het die uitvoerende komitee besluit dat die veranderings vir SAVA onaanvaarbaar is en die aanbieding van ADMED oorbruggingsdekking as een van ons ledevoordele vanaf 2018 te staak.

Al die lede wat hierdie voordeel gebruik, is dienooreenkomstig geadviseer.

JOHN BENWELL

BESTURENDE DIREKTEUR

AFTREEDORPE

’n Vinnige kyk na ’n paar bestuurskwessies en -prioriteite

Doeltreffende finansiële bestuur van aftree-komplekse is nie ’n maklike teiken om te bereik nie. Daar is geen beheerliggaam of selfs vereniging in die RSA wat enige soort maatstaf verskaf nie. Hierdie dinge bestaan egter in ander lande, hoewel vergelyking nie regtig moontlik is nie, omdat regsverskille die doelstellings van hierdie liggame heeltemal uiteenlopend maak. Daar is ’n aantal fasette van die situasie wat ’n effek kan hê en waarvan ’n mens bewus moet wees voordat jy eers dink aan koop, omdat jy moet vergelyk wat daar is met jou huidige behoeftes en ook so ver as wat jy kan in die toekoms moet inkyk.

Onder baie ander is hierdie kwessies die volgende:

1. Wat is die formaat van eienaarskap (lewensreg, deeltitel, individuele titel, of deel blok)?
2. Is daar meer as een tipe eienaarskap (kombinasie van tipes) in die kompleks?
3. Hoe lyk die reëls (konstitusie en huishoudelike reëls)?
4. Hoe en deur wie word die begroting gedoen?
   4.1. is die finansiële vooruitskatting en beheer op ’n langtermyn-siening of slegs korttermynbesparings gebaseer?
5. Het die lede oorweeg om hoër heffings te betaal en ’n “verbeteringsfonds” oor ’n redelik uitgestrekte tydperk op te bou? (’n Goeie onderwerp vir ’n spesiale vergadering as hulle nie het nie).
6. Is daar ’n verswakte sorg-inrigting in die ontwikkeling en watter grootte is dit, bed-gewys? Is dit groot genoeg om by te hou, of te groot en ontvang buite-pasiënte om die begroting te balanseer?
   6.1. Is daar ’n mediese dienslewering-spyskaart vir tuissorg wat aanvaarbaar is?
   6.2. Is daar enige tipe subsidie van die trustees? (Die koste ten opsigte van heffings)
7. Het die dorp voltydse personeel in diens, of werk hulle met kontrakteurs gebind aan ’n diensleweringsooreenkoms? Eersgenoemde kan taamlik meer kos as dit nie baie versigtig gestruktureer is nie, as gevolg van dinge soos die volgende:
   7.1. Uitstaande verlofreserwes en siekverlof- en kraamverlofvoordele.
   7.2. Arbeidsgeskille is ’n potensiële probleemarea.
   7.3. Produktiwiteit word ’n bestuur- en motiveringskwessie – nie ’n kontraktuele vereiste nie.
   7.4. Opleidingsvereistes in terme van wetgewende veranderings word ’n bestuursverantwoordelikheid.
   7.5. Opvolgerbeplanning word ’n bestuursaangeleentheid en nie ’n kontrakteursprobleem nie.
   7.6. ’n Standvastige rekordhoudingstelsel word vereis wat bestuur mortt word.
8. Wanneer dit korrek gedoen word, word “verkoopsheffings” wat aan ’n stabiliseringsfonds terugbetaal word, ’n voorwaarde van eienaarskap en beskikking en nie ’n bedrogspul nie. (Hou in gedagte dat ’n trust nooit sterf nie en dat die eiendom vir geslagte nie van eienaar verwissel nie; dus, in sommige gevalle mag

sekere partye hierdie realiteit as “onbillik” beskou). Hierdie kan ’n goeie manier wees om te verseker dat die oorlewende inwoners voldoende reserwes het om meer as net basiese noodsaaklikhede te dek

Hierdie is net sommige van die vrae wat ’n mens behoort te vra en oorweeg, en ’n vergelyking met enige “luukse”, duurder ontwikkeling sal in elk geval toon wat geld kan voorsien. Op die ou end wentel alles rondom die geld wat beskikbaar is en die prioriteite waarvolgens dit gespandeer sal word. Dit is daarom ’n bestuur- en beplanningskwessie met konstante deurvoer wat die oplossing bied.

Die reël is vra, vra, vra en kry die antwoorde op skrif. Dan kan ’n besluit ooreenkomstig ’n persoonlik oorwoë en goedgekeurde strategie in samewerking met familie en ’n goed gekwalifiseerde finansiële raadgewer geneem word.

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279
Faks: 021 592 1284
Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar
E-pos: info@saarp.net
Of sien dit alles by www.saarp.net

SAVA, sy verskaffers, uitgewer, drukker en bydraers het geen bedoeling om spesifieke mediese of ander advies te voorsien nie, maar mag lesers eerder voorsien van inligting ingevolge sy regte onder die Konstitusie van Suid-Afrika. Inligting wat hier verskaf word, is nie 'n plaasvervanger vir professionele advies van enige aard nie, meer spesifiek mediese advies, sorg, diagnose of behandeling. Dit is ook nie ontwerp om enige mediese praktyk of behandeling, program of produk wat in die redaksionele inhoud van die Bulletin of webtuiste of soortgelyke platform geadverteer of genoem word, te bevorder of te onderskryf nie. Bykomend en soortgelyk bied SAVA nie professionele advies op enige terrein aan nie, insluitende maar nie beperk nie tot regsake en finansies. In alle gevalle, sou lesers advies benodig, behoort hulle 'n behoorlik geakkrediteerde en gekwalifiseerde spesialis op die terrein te raadpleeg.

SAVA-VAKANSIEKLUB

Die volgende is voorbeelde van afslag buiteseisoen-vakansies wat ons Vakansieklub vir julle en julle gesinne kan aanbied. *Om te bespreek,* ***skakel Renske by 021 592 1279.***

OORD	AREA	DATUM	EENHEID	PRYS
Margate Beach Club	Margate	12-16 Feb 2018	1 s/kamer	R2508
Crystal Springs	Pilgrims Rest	26 Feb – 2 Mar 2018	1 s/kamer	R2821.50
Club Mykonos	Langebaan	29 Okt – 2 Nov 2018	2 s/kamer	R2508
Club Mykonos	Langebaan	8-12 Okt 2018	1 s/kamer	R1881
Club Mykonos	Langebaan	8-15 Dec 2017	1 s/kamer	R2925 7 dae

Club Mykonos	Langebaan	11-15 Jun 2018	2 s/kamer	R1567.50
Club Mykonos	Langebaan	22-26 Okt 2018	2 s/kamer	R2508

NOTA 1: Die bogenoemde pryse sluit 14% BTW in.
NOTA 2: Die prys is vir die hele tydperk.
NOTA 3: Alle kansellasies moet 11 (elf) weke voor die aankomsdatum gemaak word om die verlies van ’n terugbetaling wat op ’n kansellasie uitloop, te voorkom.
BETALING: Wanneer Renske jou bespreking BEVESTIG het, sal sy 'n faktuur uitreik wat SAVA se bankbesonderhede bevat. Wanneer jy die verlangde bedrag in SAVA se bankrekening inbetaal het, stuur asseblief bewys van betaling deur een van die volgende te gebruik:

Faks: 021 592 1284
E-pos: renskes@saarp.net

En onthou om jou ID-nommer en naam aan te haal.

MOENIE ENIGIETS BETAAL VOORDAT JY DIE BEVESTIGING VAN DIE BESPREKING EN DIE FAKTUUR ONTVANG HET NIE.

GESONDHEID

DRINK KOFFIE – Leef langer

Die gesondheid-uitwerkings van koffie drink was oor die jare ’n debatspunt, met sommige studies wat negatiewe uitwerkings en ander wat positiewe uitwerkings toon. Onlangs vrygestelde studies behoort die ritteltits van diegene wat op hulle daaglikse hupstoot van kaffeïen staatmaak om deur die dag te kom, kalmeer. Die eerste studie, uitgevoer deur navorsers van die *International Agency for Research on Cancer* en die *Imperial College London*, het ’n opname onder meer as 520 000 mense in 10 Europese lande gemaak, wat dit die grootste studie oor die korrelasie tussen koffie en sterftesyfers maak wat ooit in ’n Europese bevolking gedoen is. Hulle bevinding: Die drink van meer koffie verlaag die risiko van sterfte beduidend.

’n Tweede, aparte studie befonds deur die *Nasionale Kankerinstituut* het ’n uiteenlopende stel deelnemers ingesluit en ’n opname onder meer as 185 000 volwassenes van ’n reeks etnisiteite gemaak, insluitende Afro-Amerikaners, Amerikaanse inboorlinge, Hawaiërs, Japannese Amerikaners, Latyns-Amerikaners en blankes. Dit het bevind dat die sterftesyfer-hupstoot wat deur koffie gebied word oor al die ingeslote rasse strek.

Die Europese studie het bevind dat die drink van koffie mense se risiko vir lewer-, spysvertering- en bloedsomloopsiektes verlaag en ook die selfmoordkoers by mans en kanker by vroue verlaag. Die studie het ook bevind dat hoe meer koffie jy drink, hoe groter die gesondheidshupstoot. Deelnemers wat drie koppies koffie gedrink het, het ’n laer risiko van alle-oorsake-sterftes gehad as diegene wat nie koffie gedrink het nie.

Sonder om ’n skaduwee oor jou koffie te werp, maan dokters steeds dat mense matigheid voor oë moet hou as dit kom by hulle daaglikse oorgawe aan koffie, en voedingkundiges waarsku dat die byvoeging van geurmiddels soos swaar room en suiker jou kalorie-inname kan verhoog en baie van die gesondheidsvoordele van swart koffie kan uitskakel.
AARP.com

NATUUR – Die helende krag daarvan
Bloedtoetse het blootgelê dat ’n menigte beskermende fisiologiese faktore op ’n hoër vlak vrygestel word ná staptogte in woude, maar nie in die stad nie. Onder hierdie hormone en molekules het ’n navorsingspan by die Japannese Nippon Medical School *dehidro-epiandrosteroon* afgemerk, wat help om teen hartsiekte, swaarlywigheid en diabetes te beskerm, asook *adiponektien*, wat help om teen aterosklerose te beskerm. In ander navorsing het die span verhoogde vlakke van die immuunstelsel se natuurlike doodmaakselle gevind, bekend daarvoor dat hulle anti-kanker- en antivirus-uitwerkings het. Intussen het navorsing in Sjina bevind dat diegene wat in die natuur stap verlaagde bloedvlakke van inflammatoriese sitokiene het, wat ’n risikofaktor vir immuunsiekte is. Studies het getoon dat net drie dae en twee nagte in ’n beboste plek die immuunstelselfunksies wat gevoelens van welsyn ’n hupstoot gee, verhoog. Dieselfde hoeveelheid tyd in ’n beboude omgewing het nie so ’n uitwerking nie. Menslike reaksies sluit in verhoogde eerbied, groter ontspanning, herstelde aandag, en verhoogde lewenskragtigheid. Gesondheidsuitkomste aan die ontvangkant van die pad is verbysterend: verbeterde immuniteit, insluitende verlaagde kardiovaskulêre siekte, minder migraines, en laer angs, om maar net ’n paar te noem. Volgens Frances Ming Kuo, die leidende outeur van die Universiteit van Illinois se oorsig: “Die kumulatiewe effek kan taamlik groot wees, selfs indien baie van die individuele paaie net ’n klein effek bydra.”
Rebecca Lawton, aeon.co

TELEVISIE – Vergryp-kyk
Jong volwassenes wat hulle aan televisie-kyk vergryp, sal meer waarskynlik moegheid, slaaploosheid en swak gehalte slaap in die algemeen ervaar, volgens nuwe navorsing wat in die *Journal of Clinical Sleep Medicine* gepubliseer is. Die skrywers van die studie gee te kenne dat die meganisme wat hierdie verwantskap verduidelik verhoogde kognitiewe waaksaamheid is wat uit vergryp-kyk ontstaan. Vergryp-kyk is gedefinieer as die ‘kyk van veelvuldige opeenvolgende episodes van dieselfde televisieprogram in een sitting op ’n skerm’. ’n gemiddelde vergryp-kyksessie het 3 ure en 8 minute geduur, met 52 persent van vergryp-kykers wat drie tot vier episodes in een sitting kyk. Verdere ontleding het bevind dat vergryp-kykers ’n 98 persent hoër waarskynlikheid gehad het

om swak te slaap vergeleke met diegene wat nie hulself as vergryp-kykers beskou het. Die skrywers van die studie gee te kenne dat "streaming"-dienste soos Netflix kykers in staat stel om vooraf die maksimum kykduur te kies voordat hulle die sessie begin.
The Spectator
Ek het geen twyfel dat dieselfde op "ou volwassenes" van toepassing is nie. Ray

MEDIES

LIGGAAMSMASSA-INDEKS (BMI) – Navraag

'n Lid het ons laat weet dat, voordat hy 'n prosedure ondergaan het, hy sy gewig en lengte verkeerd gemeld het, en daarom het sy berekende BMI 35 oorskry. Gevolglik het die sjirurg 50% by sy fooi gevoeg – 'n bedrag wat die mediese fonds en die mediese versekering geweier het om uit te betaal.
Ek was nie in staat om bevestiging hiervan te kry nie, maar stel voor dat u dit met die sjirurg uitklaar voordat u tot enige prosedure instem.

BESTUURDERGEDRAG

NOODLOTTIGE VYF – Die "Down Under"-riglyne

Ek het op hierdie Australiese nuusberig afgekom, en die reëls is universeel.
Australië se Noodlottige Vyf:

- Jaery
- Bestuur onder die invloed van drank of dwelms
- Versuim om 'n veiligheidsgordel te dra
- Bestuur terwyl uitgeput
- Afleiding en gebrekkige aandag

Bykomend tot die Noodlottige Vyf, weet die polisie dat bestuurderfrustrasie tot riskante of gevaarlike gedrag kan lei wat uiteindelik alle paggebruikers in gevaar stel.

NIEU SEELAND – Padsterftes

'n Berig van Nieu Seeland spreek kommer uit oor die hoë padsterftes van 290 omdat "mense net nie die padreëls gehoorsaam nie". Klink dit bekend?
As ek hulle padsterftes na SA se bevolking ekstrapoleer, is dit 3 200 per jaar, dit in SA se laaste jaar 14 071 was. Dit is 4.4 keer hoër as in Nieu Seeland.

MAATSKAPLIKE TOELAE

SAAMS – Mediaverklaring 11 Junie 2017

Die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SAAMS) kry voortdurend navrae oor die vervaldatum van sy betaalkaarte en die implikasies daarvan van begunstigdes van maatskaplike toelae. Die vervaldatum wat op die huidig SAAMS-kaart getoon word, is Desember 2017. Ons wil dit op rekord plaas dat geen begunstigde van maatskaplike toelae deur hierdie vervaldatum geaffekteer sal word nie. SAAMS is in 'n beplanningsfase ten opsigte van die toekomstige betaling van maatskaplike toelae sodra die kontrak met die huidige verskaffer, CPS (Cash Paymaster Services), in Maart 2018 eindig. Sodra finale planne in plek is, sal begunstigdes later in die jaar oor die opdateringsproses ingelig word

REKENAARS

VERDWENE E-POS - Gemorsposbusse

My korrespondensie met MWEB is selfverduidelikend. As jy nie verwagte pos op jou rekenaar ontvang nie, gaan asb. met die diensverskaffer na of hulle nie 'n aanlyn-posbus het waar hulle jou pos hou nie.

Goeiedag

Waarom is die rooi omkringde item in Gemorspos ("Junk Mail")?

Dit het voorheen deurgekom

Kan u asb. op die wit lys plaas:

SAARP <info=saarp.net@mail.eversrv.com>; namens; SAARP info@saarp.net

Ek stel in werklikheid die nuusbrief by SAVA saam.

Ray Hattingh



Goeiedag Ray

Dankie dat jy ons gekontak het.
Ek het na die log gekyk, en dit toon die koevertversenderdomein as
mailb32.outbound.eversrv.com
Ek het dit nou op die wit lys geplaas.
Vriendelike groete
Gary Ewers
MWEB Abuse & Security Team
ks: + 27215968915
abuse@mweb.com / mailabuse@mweb.com

VERKEERSWETTE

NUWE VERKEERSREËLS VIR SA – AARTO-VRAE BEANTWOORD

Arrive Alive se Johan Jonck het die Padverkeersoortredingsagentskap (PVOA) genader:

1. **Hoe sal die AARTO-wet bestuurders raak?**

PVOA: "Motoriste sal hulle boetes redelik gou deur elektroniese maniere soos e-pos ontvang. Die houding van beweerde oortreders om hulle strawwe te ignoreer sal daartoe lei dat hulle bestuurslisensies, professionele bestuurspermitte of voertuiglisensies op die stelsel geblok word.
"Oortreders al nie meer van aanspreeklikheid kan ontkom deur eenvoudig te kies om hof toe te gaan met die bedoeling om die hofstelsel te oorspoel met die wete dat sulke gevalle dit nie na die hofrol sal maak omdat hierdie howe voorkeur aan ander kriminele sake gee nie."

2. **Die President het nog nie nasionaal klaring vir die wet gegee nie. Beteken dit dat dit nog nie in werking gestel sal word nie?**

PVOA: "Die AARTO-wet is deels in die jurisdiksies van Tshwane en Johannesburg geïmplementeer. Die wysigings voor die Parlement sou dit makliker maak vir al die wetstoepassingsowerhede in die land om die proses te implementeer. Die President, met die advies van die Minister van Transport, sal 'n datum bepaal wanneer die res van die wet nasionaal geïmplementeer sal word."

3. **Ten opsigte van verkeersboetes glo baie motoriste dat dit nog 'n inkomsteskepper vir owerhede kan wees. Wat is jou gedagtes hieroor?**

PVOA: "Die AARTO-wet hanteer deels die kwessie van owerhede wat op inkomsteskepping ingestel is. Ten opsigte hiervan, wanneer AARTO nasionaal geïmplementeer is, sal geen owerhede padblokkades oprig om motoriste te dwing om hulle boetes te betaal of gearresteer te word nie."

4. **Die Konstitusie stel dat elke burger die reg tot regsverteenwoordiging het. Spreek die AARTO-wet dit aan?**

PVOA: "Dit is nie duidelik waaroor die vraag gaan nie. Dit is egter belangrik om aan te dui dat die wet bekend is as die Wet op Administratiewe Beoordeling van

Padverkeersoortredings (Engels: Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act – AARTO). Dit impliseer dat die bedoeling was om hierdie aangeleenthede uit die hofstelsel te verwyder en na die administratiewe proses te neem."

5. Kan bestuurslisensies deur beamptes gekonfiskeer word?

PVOA: "Die proses behels die opskorting van bestuurslisensies van bestuurders wat meer verkeersreëls oortree en die drempel van 12 afkeurpunte ("demerit points") oorskry."

6. Watter raad oor die AARTO-wet kan jy met motoriste deel?

PVOA: "Motoriste behoort versigtigheid aan die dag te lê en padreëls gehoorsaam. In gevalle waar 'n motoris 'n boete ontvang het, moet dit nie geïgnoreer word nie, maar die motoris moet optree deur een van die beskikbare keuse-opsies uit te voer, bv. betaal die boete binne 32 dae vanaf ontvangs van so 'n boete en kwalifiseer outomaties vir 'n 50% korting op die boete, of rig vertoë aan die PVOA indien die motoris glo dat hy/sy nie die boete verdien nie."

7. Dink jy die wet sal suksesvol wees?

PVOA: "Die wet sal suksesvol wees omdat die motoriste nou sal besef dat daar gevolge sal wees wanneer die wet oortree en hulle gevang word."

8. Hoe sal die "demerit"-stelsel werk?

PVOA: Elke persoon begin met 'n 0-balans. Elke keer wanneer jy gevang word dat jy 'n verkeersoortreding begaan, word oortredingspunte volgens die erns van die oortreding bygevoeg. Wanneer jy 12 punte het, word jou lisensie vir drie maande opgeskort. Vir elke drie oortredingvrye maande word een punt van jou balans afgetrek. Wanneer jou lisensie drie keer opgeskort is, kan dit gekanselleer word."

NS: Die nuwe AARTO-strafstelsel in Suid-Afrika het ook hoër boetes by vlak kruisings.

ALLEDAAGSHEDE

BROKKIES

- Daar is omtrent 45 miljoen dooie mense op Facebook. Sommige skattings beweer dat 8 000 Facebook-gebruikers elke dag sterf. Op 'n seker punt sal daar meer dooie gebruikers as lewendiges wees.
- Kook is deurslaggewend vir ons diëte. Dit help ons om kos te verteer sonder om groot hoeveelhede energie te gebruik. Dit maak kos sag, soos sellulose vesel en rou vleis wat ons klein tande, swak kake en verteringstelsels nie toegerus is om te hanteer nie. En terwyl ons van rou voedselgebruikers mag hoor dat kook vitamines en minerale in kos doodmaak (terwyl dit ook ensieme wat spysvertering help, denatureer), blyk dit dat rou groentes nie altyd gesonder is nie.

  Die *British Journal of Nutrition*

- Einstein se daaglikse wandeling was vir hom heilig. Terwyl hy by Princeton Universiteit in New Jersey gewerk het, het hy die myl-en-'n-half-afstand soontoe en terug gestap. Hy het in die voetstappe van ander ywerige stappers gevolg, insluitende Darwin, wat elke dag vir 45 minute gestap het. Hierdie gesondheidswandelings was nie net vir fiksheid nie – daar is berge getuienis dat stap geheue, kreatiwiteit en probleemoplossing kan verbeter.
- Televisie gee voor dat dit politieke taal uitdaag deur beelde oor te dra, maar die opeenvolging van een raampie na 'n ander kan 'n sin vir resolusie belemmer. Alles gebeur vinnig, maar niks gebeur eintlik nie. Elke storie op nuus wat op nuus vertoon word, is "meegedeel" totdat dit deur die volgende vervang word. So word ons deur brander na brander getref sonder dat ons die oseaan sien. Die poging om die vorm en belangrikheid van gebeure te definieer vereis woorde en begrippe wat ons ontwyk wanneer ons deur visuele stimuli betower word. Om nuus op televisie te kyk, is soms niks meer as om na iemand te kyk wat ook na 'n prentjie kyk nie. Ons aanvaar hierdie gesamentlike trans as normaal. Ons het stadig daarin verval. *On Tyranny: Twenty Lessons from the Twentieth Century (Snyder, Timothy)*

LEWE 1
Die vrou by die outomatiese bankmasjien langs my is lastig geval deur twee jong kinders.
Ek het geglimlag en gesê: "Moenie bekommerd wees nie, hulle word gou groot."
Deur tande wat op mekaar geklem is, het sy koud geantwoord: "Nie gou genoeg nie."

LEWE 2
'n Vrou het my 14-jarige kruising "kuikenvanger" bewonder.
Sy het die gesprek afgesluit met: "Ek is lief vir my kinders, maar ek verkies my honde."

KERK-KENNISGEWING

ADAM & EVE
DIE EERSTE MENSE
WAT NIE DIE APPLE
TERME EN VOORWAARDES GELEES HET NIE
St. Mark's Anglikaanse Kerk

TEKENS VAN DIE TYD
- Fone - Draadloos
- Kook - Vuurloos
- Motors - Sleutelloos
- Kos - Vetloos

- Bande - Binnebandloos
- Drag - Mouloos
- Leiers - Skaamteloos

STOF TOT NADENKE

- Weg is die dae toe meisies soos hulle ma's gekook het. Nou drink hulle soos hulle pa's.
- Ek het dit nie vandag na die gim toe gemaak nie. Dit maak vyf jaar in 'n ry.
- ek het besluit om op te hou om die badkamer die "John" te noem en dit na "Jim" herdoop. Ek voel soveel beter om te sê ek het vanoggend na Jim toe gegaan.
- Die grootste leuen wat ek vir myself vertel is: "*Ek hoef dit nie neer te skryf nie, ek sal dit onthou."*
- Waarom moet ek een vir Engels druk as hulle my in elk geval na iemand toe gaan oorplaas wat ek in elk geval nie verstaan nie?
- Ek het verlede jaar by 'n ondersteuningsgroep vir uitstellers aangesluit. Ons het nog nie bymekaar gekom nie...

GEDAGTE

"Hy wat alles in 'n boek glo, sou beter af gewees het sonder boeke."
Mencious

GLIMLAG

Apteker aan klant: "meneer, verstaan asseblief. Om 'n antidepressante-pil te koop, moet u 'n behoorlike voorskrif hê. Om bloot jou huweliksertifikaat en jou vrou se foto te wys, is nie voldoende nie."
'n Boekhandelaar wat 'n markopname doen vra aan 'n vrou: "Watter boek het u die meeste in u lewe gehelp?" Sy antwoord: "My man se tjekboek."

OUD – 'n definisie?

Ek het baie stil my vriend in my vertroue geneem dat ek 'n affair het.
Sy draai na my toe en vra: "Het jy dit met spysenering?"
... En dit, my vriend, is die definisie van 'OUD'.

AANHALING

Daar is meer dinge wat ons waarskynlik sal bangmaak as wat daar is wat ons sal verbrysel; ons ly meer in die verbeelding as in die werklikheid.
Seneca

Ray Hattingh

NS: ***"Ek het in die lewe geleer dat byna enigiets wat jy sê net jou mening is. Dit is nie 'n feit nie. "***
Alan Bean [teen 80], Apollo 12-ruimtevaarder, die vierde man wat op die maan geloop het.

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279
Faks: 021 592 1284
Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar
E-pos: info@saarp.net
Of sien dit alles by www.saarp.net

voeg lewe tot jou jare by